higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

INDUSTRIËLE ORIËNTERING N2

(4110022)

1 April 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INDUSTRIËLE ORIËNTERING N2
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Definieer die volgende kortliks:

1.1.1 Helelewensversekering

1.1.2 Uitkeerpolisse

1.1.3 Lewensversekering

(3 × 2) (6)

1.2 Bespreek die beginsels van begroting. (4 × 2) (8)

1.3 Definieer *kommunikasie.* (2)

1.4 Noem EEN diens wat by die OTM van jou keuse gedoen kan word. (1)

[17]

VRAAG 2

2.1 Noem DRIE verskillende soorte maatskappye. (3)

2.2 Noem DRIE tipiese voorbeelde onder elk van die volgende vorme van kommunikasie in enige maatskappy:

2.2.1 Interne kommunikasie

2.2.2 Eksterne kommunikasie

(2 × 3) (6)

2.3 Gee 'n ander algemene woord wat vir 'n organisasiekaart gebruik word. (1)

2.4 Noem VYF soorte algemene beserings wat in die werkswinkel kan plaasvind wanneer die korrekte persoonlike beskermende klere nie te alle tye gedra word nie. (5)

[15]

VRAAG 3

3.1 Noem SES faktore wat werkers kan ontmoedig. (6)

3.2 Beskryf 'n tipiese delegeringskaart van 'n toesighouer. (4 × 2) (8)

3.3 Definieer die term *veiligheidsregulasies*. (3)

3.4 Wanneer kan daar gesê word dat 'n stad 'n goeie sakeklimaat het? (5)

3.5 Noem AGT tipiese situasies wat swak huishouding in die werkswinkel aantoon. (8)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Noem SES voorbeelde van psigologiese behoeftes volgens Maslow se hiërargie van behoeftes. (6)

4.2 Konflik kan gedefinieer word as 'n waargenome verskil tussen twee of meer individue of groepe wat tot teëstand lei.

Noem AGT moontlike oorsake van konflik. (8)

4.3 Noem DRIE kategorieë waarin brandwonde geklassifiseer kan word. (3)

4.4 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n soort brandwond in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommer (4.4.1–4.4.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
4.4.1	Droë brandwonde	A	brandwonde veroorsaak deur 'n brandende sigaret, warm strykyster of warm stoof
4.4.2	Koue brandwonde		
4.4.3	Skroeiwonde	B	brandwonde veroorsaak deur sure wat in kontak met die vel kom
4.4.4	Chemiese brandwonde	C	brandwonde veroorsaak deur oormatige blootstelling aan x-strale
4.4.5	Stralingsbrandwonde	D	brandwonde veroorsaak deur gasse soos vloeibare suurstof of vloeibare stikstof
4.4.6	Elektriese brandwonde	E	brandwonde veroorsaak deur normale brande
		F	brandwonde veroorsaak deur wrywing
		G	brandwonde veroorsaak deur stoom, warm water of warm olie
		H	brandwonde veroorsaak deur 'n elektriese stroom of weerlig

(6 × 1) (6)

[23]

VRAAG 5

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (5.1–5.15) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

5.1 Die WVBBS ("COIDA") staan vir die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes.

5.2 Die Wet op Vaardigheidsontwikkeling is 'n Parlementswet.

5.3 Gemeenskaplike bedinging ("Collective bargaining") is 'n proses waar die verteenwoordigers van 'n georganiseerde groep werknemers en die bestuur vergader in 'n poging om 'n ooreenkoms te bereik.

5.4 In die algemeen kan arbeid gesien word as inspanning deur mense met die doel om 'n inkomste te verkry.

5.5 'n Vakbond is 'n georganiseerde vereniging van werkers in 'n ambag of professie wat gestig word om die werkers se regte en belange te beskerm.

5.6 Arbeidsverhoudinge is gemoeid met die gedrag van die gemeenskap teenoor die werkplek.

5.7 Industrialisasie is 'n proses waardeur meer mense in maatskappye in diens gestel word om produksie te verhoog.

5.8 KVBA ("CCMA") staan vir die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie.

5.9 Vakbonde hoef nie geregistreer te wees nie, mits die werkgewer bewus is van die bestaan daarvan en erkenning daaraan gee.

5.10 Onderhandeling soos in arbeidsverhoudinge gebruik, verwys na die proses waardeur die werkgewer duidelike instruksies aan werknemers oor werkverwante sake gee.

5.11 Die Wet op Dienslewering en Salarisonderhandelinge is 'n Parlementswet van Suid-Afrika.

5.12 Die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes is die wet wat handel oor die verwerking van eise en betaling van werkers wat werkverwante opleiding by die maatskappy ontvang het.

5.13 Die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid is die wet wat handel oor die verwerking van eise en betaling van werkers wat aan diens beseer is en/of werkers wat 'n sekere siekte opgedoen het wat veroorsaak is deur die soort werk wat hulle in 'n spesifieke maatskappy doen.

5.14 COSATU is die tweedegrootste vakbond ná NUMSA.

5.15 Die Wet op die Werkloosheidsversekeringsfonds is die wet wat handel oor die betaling van werkers wat by die werk beseer is.

(15 × 1) **[15]**

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou